

Saterdag 4 November

Skrif- en Fokusgedeelte: Lukas 7:36 – 8:3

Hoe beleef jy jou sonde en verlossing?

Mense troos hulleself graag aan die gedagte dat hulle sogenaamde “klein sondaars” is, terwyl ander mense “groot sondaars” is. So was dit waarskynlik ook met Simon die Fariseër die geval. As geestelike leier het hy só gereeld in die tempel gekom en het hy die Wet só goed geken dat hy nouliks behoefte aan verlossing gehad het.

Daarom is dit onwaarskynlik dat Simon vir Jesus uit liefde en eerbetoon na sy huis genooi het, of omdat hy geestelik honger was of behoefte aan verlossing gehad het. Hy was gewoon nuuskierig. Daarom kom hy selfs die mees elementêre reëls van gasvryheid teenoor sy gaste nie na nie. Omdat die liefde ontbreek, doen hy geen moeite nie.

Teenoor Simon egter staan die naamlose sondaars uit die onderdorp. Terwyl Simon, die verneme, dus in sy eie oë bo sonde verhewe was, word daar van die vrou uit die staanspoor gesê dat sy by God diep in die skuld was en dat sy dringende behoefte aan verlossing gehad het. Maar juis dit, die wonder van *verlossing en skuldvergifnis*, het sy leer ken! Nog vóór sy Simon se huis binnegekom het, het sy *in die geloof* haar swaar skuld las op Jesus se skouers gelê. Nou kom sy om dankie te sê en in die oortreffende trap al daar-die dinge te doen wat Simon in liefdeloosheid nagelaat het: sy was Jesus se voete met haar trane en droog dit af met haar loshangende hare; sy oorlaai sy voete met soene, en sy giet duur, eksklusiewe reukolie oor sy voete uit. In wese stort sy haarsêlf in dankbare aanbidding oor haar Verlosser uit!

Omdat sy baie vergewe is, het sy baie gegee. Omdat Simon egter geen sondebefes gehad het nie en hy dus in sy eie oë ’n “klein sondaar” was, het hy karige liefde betoon.

Het jy ook soos die naamlose vrou van harte berou oor jou baie sondes? Weet dan dat Jesus Christus juis vir mense soos jy kom sterwe het. Bely jou sondes voor Hom. Ervaar die wonder van skuldvergifnis en gaan dan voort om met ’n heilige lewe vir Hom dankie te sê!

Sing: Psalm 32:1, 5, 6

Ds. JJ (Koo) Cloete (Emeritus)